Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.




Jrg. 7 Kaapstad, Woensdag, 25 Augustus 1948 No. 40

VREDESTAAK VAN O.B. BLY VOORTBESTAAN

Die taak van die Ossewabrandwag nou dat die verkiesing gewen en 'n Afrikaner-regering aan bewind is, is helder omlyn deur die Gebiedsleier van Wes-Kaapland, dr. F. D. du Toit van Zyl, toe hy verlede Saterdagaand 'n vergadering in die stadsaal, Caledon, toegespreek het. „Die Ossewabrandwag sal onder sy eie vlag bly voortseil en bewus van 'n eie roeping bo en buite die party-politiek, 'n gees van welwillendheid onder volksgenote skep en sorg dat die bestaande Afrikanersamewerking bestendig en uitgebou word," het dr. Van Zyl verklaar.

Dr. Van Zyl het gesê dat die O.B. tien jaar gelede gestig is om die ontwaking van die gees van die volk te bestendig. Hierdie ontwaking is veral gekenmerk deur 'n drang na eenheid en vryheid. En te midde van die verdelende partypolitiek het daar 'n Volksbeweging gekom wat bo en buite die partypolitiek staan en in staat is om die volk bymekaar te hou op grondslag van die blywende kleinnode van die volk en die aspirasies wat daaruit spruit. Dit is direk in teenstelling met die tydelike en noodwendige opportunistiese grondslag van die party-politiek.

Die blywende wat vir ons gemeenskaplik is, bind saam en stuur ons in dieselfde rigting en gee aan ons dieselfde toekomsideaal. Die tydelike en opportunistiese dryf ons uitmekaar. Dit lei tot twis en verydel elke poging om die ideaal te verkry deurdat 'n deel van die volk as gevolg van partyskermutseling in die hande van die vyand gedryf word.



Dr. F. D. du Toit van Zyl.

GEEN OORLOGSTIGTING

Die krag van die Volksbeweging lê juis daarin dat hy bo die partypolitiek is en sy behoudende invloed kan laat geld waar en wanneer dit die nodigste is, het spr. verklaar.

Dit is verkeerd om te dink dat die O.B. slegs 'n oorlogsverskynsel was. Die gedagte spruit voort omdat die O.B. gedurende die oorlog so 'n aktiewe rol gespeel het. Hierdie optrede in krisistyd is vanselfsprekend. **Maar die O.B. het ook 'n vredestaak.**

Sy taak is om op alle terreine van die volkslewe te waak en te veg vir die volksbelang en veral gesien uit die oogpunt van die meer permanente belange van die volk. 'n Politieke party kan nog om taktiese redes 'n kompromie aangaan, maar 'n Volksbeweging kan oor sake soos die Republiek, dit nie doen nie.

(Vervolg op bls. 8 kol. 3)

Louis Trichardt Hou Groot Fees

Die sentrale O.B.-dagfees op Louis Trichardt verlede Saterdag was 'n reuse-welslae, berig ons korrespondent. Meer as 600 Brandwagte het die verrigtinge bygewoon en 'n bedrag van tussen £150 en £200 is ingesamel.

'ERGSTE SIEKTE' IN SUID-AFRIKA

'n Pleidooi dat partypolitiek laat vaar moet word wanneer daar met groot volksvraagstukke te doen gekry word, is verlede week deur dr. T. W. B. Osborn, Arbeider-L.V., op 'n vergadering in Kaapstad gedoen. Hy het gesê dat hy nie bedoel dat partypolitiek heeltemal afgeskaf moet word nie, maar dat die partye moet saamwerk in verband met groot vraagstukke soos die naturellevraagstuk waaroor ten opsigte van die belangrigste punte saamgestem word.

„Partypolitiek in ons land is ons ergste siekte. Dit deurtrek alles — selfs die maatskaplike en persoonlike lewe. En die ergste van alles is dat almal dit blykbaar geniet", het dr. Osborne gesê.

BRITSE RYK WORD GEBUIG NA REPUBLIKANISME

Britse imperialisme is nog fluks besig om tred te hou met die vryheidsdrang van onderworpe volke. Deskundiges praat dan ook al van die „Vierde Britse Ryk" wat in wording is en wat bedoel is om aan te pas by die moontlikheid dat sommige van die dominiums republieke kan word. Hul republikeinsheid sal niks afdoen aan die idee van die Britse Ryk nie, so word betoog. In hierdie verband word veral Indië, Suid-Afrika en Eire (Ierland) genoem.

Daar word verwag dat die Indiese leier Pandit Nehru by geleentheid van die konferensie van statebondleiers wat binnekort in Londen gehou staan te word, die kwessie van republikanisme te berde gaan bring. Sy party se beleid was nog altyd om Indië na 'n onafhanklike republiek te voer. Met die oog op hierdie gebeurlikheid, wat veral deur John Costello, eerste minister van Eire, noukeurig dop gehou word is Britse staatsmanne al glo besig om 'n formule uit te werk wat dit vir Indië moontlik sal maak om 'n republiek te word sonder wegbreking van die Ryk. Dit sal dan 'n Ryksverband wees sonder dat Indië getrouheid aan die Engelse Koning verskuldig sal wees.

„VIERDE RYK"

Dit is moontlik met die oog op hierdie ontwikkeling dat daar onlangs 'n artikel van prof. Andre Siegfried in die Engelse pers gepubliseer is onder die titel „'n Vierde Britse Ryk in Wording". Daarin word aangetoon hoe die Britse Ryk ontwikkel het van absolutisme — wat sy einde gevind het in die Amerikaanse Vryheidsoorlog — tot 'n stelsel van selfbesturende kolonies. Dit was die Tweede Ryk wat opgehou het om te bestaan toe die Statebond met „onafhanklike" dominiums in die lewe geroep is, wat veral sy beslag in 1926 gekry het. **Dit was by uitstek die idee van Rhodes en Joseph Chamberlain.**

SY KRAG

Die krag van hierdie Derde Ryk, aldus prof. Siegfried, lê hoofsaaklik in die feit dat die lede aan dieselfde politieke familie behoort, aangesien die kontak konstitusioneel maar baie los en onbeholpe is. **Hierdie familieskap het dan ook inderdaad die Ryksbande baie versterk. Hy beklemtoon in verband daarmee dieselfde argument wat lord Durham in 1837 ten opsigte van Kanada gebruik het, naamlik dat 'n vereiste hiervoor is dat die bevolking van die dominium soveel moontlik Engels moet wees.**

MOET ENGELS WEES

„Die Dominium is 'n praktiese onderneming as sy bevolking Brits en homogeen is. Hulle is dan van nature lojaal, en wanneer onafhanklikheid uitgeroep word, geskied dit in 'n vriendskaplike gesindheid sonder om in enige opsig die morele eenheid van die Britse familie in die wêreld te bedreig. Australië en Nu-Seeland is hiervan die beste voorbeelde."

Londen Besig Met Nuwe Formule Vir Imperialisme

Wanneer 'n dominium egter uit verskillende volke en rasse bestaan, soos Indië en Suid-Afrika, wat met geweld onderwerp is, deug die idee van dominiale status nie meer vir die veiligheid van die Ryk nie. **'n Vierde Ryk word 'n noodsaaklikheid wanneer dominiale status uitgebrei word na lande wat tot die laasgenoemde groep behoort."**

VAL UITMEKAAR

Twee wêreldoorloë het daarbenewens gehelp om nuwe aantrekkingskragte binne die Ryk in werking te stel, wat sommige van die dominiums wegtrek van Europa na Amerika. **'n Skuldenaarsvolk soos Brittanje kan ook nie meer die middelpunt van 'n Rykstelsel wees nie, en die feit dat Engeland ook nie meer in staat is om alleen die Britse Ryk te verdedig nie, dra tot hierdie losmaking by.**

„In hierdie omstandighede skyn dit of die Ryk te groot vir Brittanje geword het om vas te hou. Dit moet nog gesien word hoeveel daarvan behou kan word en op watter voorwaardes. Sy gees, sy samestelling, sy omvang en selfs sy middelpunt sal vanuit 'n nuwe hoek hersien moet word."

SUID-AFRIKA

Voortgaande word daar op gewys dat die afgelope twee oorloë getoon het dat die Middellandse Seeroete onbruikbaar word in tye van botsing. Die seeroete om die Kaap is daarom vir Brittanje van die uiterste belang en **„in geen omstandighede kan Engeland Suid-Afrika gevolglik verwaarloos of prysgee as deel van sy politieke stelsel nie: dit is die aangaanplek onder weg na Australië, Indië, die Verre Ooste en die Persiese Golf. Só 'n oorweging beklem-**

(Vervolg op bls. 8 kol. 3)

Caledon Verbeter Steeds

Die Ossewabrandwag van Caledon het vanjaar die mooi bedrag van £200 bymekaar gebring vir O.B.-dag. Dit is meer as wat verlede jaar ingesamel is.

Die generaalskap het verlede Saterdag die verjaardag van die O.B. herdenk en gedurende die dag 'n basaar gehou wat deur hfgenl. Max Smuts geopen is. Die feestelikheid is die aand voortgesit toe die Gebiedsleier, genl. dr. F. D. du Toit van Zyl, en mnr. J. S. Labuschagne, Afrikanerparty-L.V. vir Kliprivier, 'n vergadering in die stadsaal toegespreek het.

Hfkomdt. Kootjie Viljoen, wat voorgesit het, het sy dank en waardering uitgespreek teenoor al die offisiere en Brandwagte wat hul deel bygedra het. Daar was 'n mooi samewerking tussen alle politieke groepe. Ook dr. Van Zyl het sy dank uitgespreek teenoor die eenheid wat onder moeilike omstandighede van jaar tot jaar hul bedrag vermeerder.

Na afloop van die vergadering het vooraanstaande lede van die H.N.P. na komdt. Viljoen gekom en hul spyt uitgespreek dat hulle nie in die vergadering die geleentheid gehad het om die sprekers te bedank nie. Hulle het met waardering gepraat van die gees wat daar geopenbaar is.

HUISE WORD AL TE KLEIN

Die veertiendaagse O.B.-aand van die Brandwagte van Uitenhage is verlede keer ten huise van komdte. mev. Van der Spuy gehou. Omdat die ledetal so toegeneem het dat die huise te klein word vir funksies is besluit om voortaan braaivleisaande te hou. Die besluit het groot byval gevind by die lede.

Die offisiere van Uitenhage is vasbeslote om die O.B. stewig te vestig en te organiseer. (Korr.)

S.A. Moet Setel Word Van Ryk

Suid-Afrika sal binne die volgende 25 jaar die setel wees van die Britse Ryk, het mnr. W. H. Heath, lid van die stadsraad vir Wandsworth, verklaar toe hy in Brittanje aangekom het na 'n besoek aan Suid-Afrika.

„Voor daardie tyd", het hy gesê, „sal Brittanje hongersnood en die grootste industriële botsing in die gesig staar, asook werkloosheid soos ons nog nie gesien het nie.

„Brittanje kan nie aanhou om 46,000,000 mense te onderhou nie. **Dit is in ons hande om van die beste jong Britte na Suid-Afrika te stuur om hul daar te vestig en die weg voor te berei vir die setel van die Britse Ryk."**

Godsdiens is Skadelik Sê Professor

„Daar is nog 'n oorblyfsel van godsdiens in die Sowjet wat uitgewis moet word deur stelselmatige, wetenskaplike anti-godsdienstige propaganda", skryf prof. S. Tokaref in Die Rooi Ster, amptelike orgaan van die Russiese leër.

„Hierdie oorblyfsel van godsdiens het ons saak veel skade gedoen deur die seëvierende Kommunisme in die wiele te ry. Die stryd teen die verskillende vooroordele en bygelowe is 'n uiters belangrike taak in die stryd vir die sege van die Kommunisme in Rusland", aldus die artikel.

BLOU DONOU WORD ROOI

Rusland het die Westerse moondhede alle verdere seggenskap oor die Donou-rivier ontsê deur saam met sy onderworpenes 'n voorstel voor die Donou-konferensie deur te loods wat bepaal dat slegs lande deur wie se gebied die rivier vloei, seggenskap oor die rivier mag hê. Die Russiese verteenwoordiger het verklaar dat Frankryk en Brittanje geen reg het om ook seggenskap oor die rivier te eis nie.

SAMEWERKING NODIG VAN ALLE ORGANISASIES

Die Afrikaanse partyverbond sal sy krag binnekort waarskynlik moet versterk deur 'n nuwe verkiesing, en voor sodanige verkiesing sal hy 'n ruimer grondslag van samewerking moet aankondig om daarop 'n regering te kan vestig wat waarlik volksverteenwoordigend kan wees, skryf „Kaalkop," die skuilnaam van 'n bekende staatkundige, in Dagbreek, in 'n artikel waarin hy die kwessie van politieke reorganisasie behandel.

Hy skryf: Reeds voldende het ons ten opsigte van hierdie vraagstuk te kenne gegee dat die antwoord vir die oplossing nie gesoek moet word in enige bestaande politieke organisasie nie, en ook nie in 'n hersenskimmige eenpartystelsel nie, **maar wel in 'n saamvoeging van bestaande politieke en ander verwante organisasies, in 'n gees van samewerking en in 'n rigting wat afwyk van die liberalisme en kommunisme, soos definitief verwerp deur die volksuitspraak in die verkiesing.**

Hieroor kan die Afrikaanse party-verbond wat in die verkiesing die oorwinning behaal het, as geskikte uitgangspunt dien; **maar meer as uitgangspunt is dit nie.**

Dit sal sy krag binnekort waarskynlik moet versterk deur 'n nuwe verkiesing, en vóór sodanige verkiesing sal hy 'n ruimer grondslag van samewerking moet aankondig om daarop 'n regering te kan vestig wat waarlik volksverteenwoordigend sal wees.

„BY NAME"

Met die oog daarop sal vireers die volle steun ingeroep moet word van Afrikaanse organisasies buite die bestaande partyverbond en wel by name en sonder dubbelsinnigheid, altans in sover hulle in belangrike mate met die staatsbeleid gemoeid is.

En ten tweede sal Engelssprekende groepe en Afrikaanssprekende geesgenote wat voorheen politiek georganiseer was in die Verenigde, Suid-Afrikaanse en Arbeiderspartye, maar wat nie meer gediend is met die liberalistiese uitwasse van daardie partye nie, uitgenooi moet word om hulself, altans voorlopig, politiek-selfstandig te organiseer en toe te tree tot die bestaande Afrikaanse verbond, met toewysing aan hulle van parlementêre setels in Volksraad en Senaat soos wenslik geag mag word in onderlinge oorleg.

STERK REGERING

Sodoende kan 'n sterk en alsydige meerderheidsregering verkry word wat tog in hoofsake eengesind sal wees, sodra die kunsmatige partyverdeling op die agtergrond gedring is.

Dit sal 'n regering wees wat selfs onpopulêre, maar noodsaaklike, hervormings sal kan deurvoer, en wat veral 'n nasionaal-gesinde beleid sal kan ontwikkel en toepas sonder om die Engelssprekende deel van Suid-Afrika in die harnas te ja en sonder om die wêreld die geleentheid te gee om so 'n beleid uit te kryt as seksioneel of reaksionêr. **'n Blote herverkiesing daarenteen bied geen vooruitsig op 'n soortgelyke verruiming nie.**

Daar moet egter nie gedink word aan 'n vereniging of saamsmelting van partye of organisasies nie: dit veroorsaak kompromisse wat tot beginselvervalsing aanleiding gee en bevorder koukus-tirannie! Voldoende is 'n gees van samewerking wat die volkseenheid in die politieke organisasie van meer waarde sal ag as die volksverbrokkelende party-voordeel.

VOORBEELD


So 'n gees sal wel kan lei tot 'n politieke verbond wat sterk genoeg sal wees om te beantwoord aan die politieke behoefte van die tyd. Iets dergeliks het tog al dikwels verskyn as volke in gevaartye 'n nasionale regering stig deur middel van 'n koalisie of andersins. **Iets van dié aard bestaan ook in die eenheid tussen die Britse dominiums, elk met eie identiteit, en tog almal verenig teen gemeenskaplike gevaar.**

Laat daar ook in die politiek verskille wees, laat hulle en die organisasies wat daarop berus, erken en geëerbiedig word; maar laat bo die verskille uit ook die volkseenheid erken en beliggaam word in 'n verbond in belang van Suid-Afrika eerste en van Afrikanerdom, Afrikaans- en Engelssprekend saam, as volk van Suid-Afrika!

In 'n vorige stuk het die skrywer met verwysing na die stryd tussen kapitalisme en sosialisme 'n stelsel van behoorlike beplanning bepleit Veral in Suid-Afrika met sy nuwe ekonomiese ontwikkeling is dit baie noodsaaklik. **„Maar dit sal waarlik 'n sterk regering moet wees wat die toom sal aansit vir hierdie wilde perd; en so 'n regering kan nie eensydig Afrikaans en plattelands in sy politieke agtergrond wees nie."**

Julian Visser Student

Mnr. Julian Visser, wat onlangs uit die tronk losgelaat is nadat hy ses jaar lank opgesluit was, skryf vanjaar sy finale B.Sc.-eksamen aan die Potchefstroomse Universiteits-



Julian Dawid Visser

kollege vir C.H.O. Sy eerste twee jaar het hy in die tronk afgelê, en dit nogal met die moeilike hoofvakke wiskunde en aardrykskunde — nog 'n bewys van die gehalte Afrikaner wat weens verset teen Britse imperialisme in die trong gestop is.

Komdte. Junghans Sê Dankie

Komdte. A. C. Junghans van die Tafelberg-kommando wil graag al haar Brandwagte en offisiere, veral veldkte., mev. J. Smit, wat met onvermoeide ywer en trou gewerk en gebak het vir O.B.-dag sodat die eenheid £100 kon stort vir O.B.-dag en reeds vroeg in die jaar ook reeds £5 kon stort met Vryheidsdag. Volgende jaar spring ons weer aan die werk!

- ***Hulle wat in ons blad adverteer, het die eerste aanspraak op ons geld!***

„Skakel Almal In" — Havenga

Die hoop dat ook diegene wat nog buite staan ingeskakel sal word, selfs ook mense wat anders dink, is deur mnr. N. C. Havenga, leier van die A.P. uitgespreek toe hy verlede week in die stadsaal, Kaapstad, onthaal is saam met ander regeringslede. Mnr. Havenga het verwys na die stappe wat reeds gedoen is om die verdeeldes weer bymekaar te kry en beklemtoon dat die oorwinning behaal is as gevolg van samewerking.

Vooruitsigte Goed Vir Vrugte

Die uitvoer van sagtevrugte na Amerika kan nog op groot skaal uitgebrei word, het mnr. V. van der Willigen, bestuurder van die Sagtevrugteraad, verklaar nadat hy van Amerika terug gekeer het om ondersoek in te stel na die kanse om die afsetgebied vir die Unie se sagtevrugte te vergroot.

Die bemarkingsmoontlikhede lyk baie gunstig, het die bestuurder gesê, maar dan moet daar die nodige koelruimte geskep word. Hy het onder meer Kanada, V.S.A., Argentinië, Brasilië en Chili besoek. Suid-Afrika hoef geen ernstige mededinging van Argentinië op die Amerikaanse mark te vrees nie, het mnr. Van Willigen gesê.

Alle Immigrante Sal Gekeur Word

Die regering het by monde van die Minister van Binnelandse Sake, dr. T. E. Dönges, aangekondig dat hy voornemens is om alle toekomstige immigrante streng te laat keur en dat die staatskema om immigrante na Suid-Afrika aan te moedig, laat vaar sal word. Dit beteken die beëindiging van die gebruik van spesiale skepe om immigrante na die Unie te vervoer.


Sover administratiewe maatreëls betref, sal alles moontlik gedoen word om hierdie beleid dadelik in werking te laat tree, maar aangesien die huidige immigrasiewet so opgestel is dat dit buitengewone voorregte aan gebore Britse onderdane verleen, sal daar nie veel in die praktyk uitgevoer kan word nie. Die Minister het te kenne gegee dat hy eers aanstaande jaar die nodige wetgewing daarvoor sal indien.

Intussen word die kontrak met die Union Castle-redery vir die gebruik van drie immigrante-skepe oor 'n paar maande beëindig. Die regering onderneem egter om eers die vroue en kinders van immigrante wat al in die land is, asook diegene wat reeds klaar reëlings in Engeland getref het om na die Unie te verhuis, nog onder die ou stelsel toe te laat.

Rhodesië Ook Besorg Oor Immigrasie

Nie net Suid-Afrika nie, maar ook Rhodesië het besluit om immigrasie in te kort. Maatreëls in die verband is reeds gepubliseer. Die regering het hierdie stap aangekondig op aanbeveling van 'n bekende Britse ekonoom. In sy verslag word veral verwys na die tekort aan wonings en voedsel.

DIE VOORTREKKER RUSBANK



- Dien as Tweelingbedde OF as Een Dubbelbed.
- Besorg u Volmaakte Slaapgerief.
- Verleen aan u Huis 'n Atmosfeer van Nuwerwetsheid.
- Los u Ruimte-vraagstuk op.
- Bypassende Stoele Verkrygbaar.

KONTANTPRYS £35 5s.

DEPOSITO £4/16/-
EN 24 PAAIEMENTE VAN £1/13/6
Die voordeligste vir enige man is
PHIL MORKEL
se afbetalingsplan.

Phil Morkel
★ LANGSTRAAT 105 KASTEELSTRAAT 23
GROOTE KERK-WANDELGANG KAAPSTAD
POSBUS 2721 OOK BELLVILLE EN PAARL

HELP U BLAD DEUR SY ADVERTEERDERS TE ONDERSTEUN EN „DIE O.B." SE NAAM BY HULLE TE NOEM.

DIE O.B.-LEIERS

Hoofgenl. J. A. Strauss: Temmer van Noordweste

Hfgenl. J. A. (De Wet) Strauss van Upington is een van die vooruitstrewendste boere in die Noordweste en neem 'n leidende aandeel in die sakewêreld sowel as op boerderygebied. Hy is die eienaar van een van die modernste melkerye en frieskuddes in ons land.


Johannes Albertus Strauss is op 5 Oktober 1898 op die plaas Rietfontein, Kenhardt, gebore en het in dié omgewing groot geword. As knapie van vier het hy graag oorlog gespeel en gedreig om weg te loop na die kommando van genl. C. R. de Wet. Vandaar dat hy vandag nog onder die naam van De Wet bekend is. As twaalfjarige seun is hy na die Jongens Hoërskool, Paarl, en later na die Victoria-Kollege op Grahamstad.

Sy ouers, oorspronklik van Calvinia, was baanbrekers in die Noordweste. Sy vader was die stigter van die eerste blanke skool te Keidebees, Upington. Hy was ook lid van die ou Boerebond en het verskillende kere daardie deel van die wêreld op kongresse verteenwoordig.

EIE SKEMA

Die nedersetting Straussburg is na die vader van genl. Strauss vernoem. Dit was 'n deel van sy plaas Vaalkoppies. In 1916 het hy op eie inisiatief die besproeiingskema Straussburg aangelê en dit sonder enige staatshulp suksesvol deurgevoer. As jong seun was genl. Strauss hom behulpsaam met die bou van die dam in die Oranjerivier en die uithaal van die twaal myl lange kanaal wat nou die Straussburg besproeiingskema uitmaak.

Nadat die skema suksesvol in werking was, is daar toe 'n Besproeiingsraad gekies. Sedert



Hoofgenl. J. A. Strauss.

dié afgelope 25 jaar is genl. Strauss onafgebroke voorsitter van hierdie raad.

REUSE-WAL

Die raad het reeds groot take aangepak. So is daar 'n noodwal van 7,260 tree gebou om die Straussburg-gronde te beskerm teen vloedwater. Dit is 'n stuk werk enig van sy soort in die land. 267,385 kubieke jaarts grond is in die wal gewerk sonder hulp of lenings. Die aandeelhouers het vir alles gesorg. Later is die kanaal vergroot sodat die Straussburg-besproeiingskema een van die prominentste is langs die Oranjerivier. Alles het op 'n kontantbasis geskied.

BOER

Na voltooiing van die kanaal het genl. Strauss begin boer op 'n deel van die besproeiingsgrond. Sy hoofdoel was om alle voer wat hy op sy plaas produseer, aan sy eie diere te voer. Vandag is hy die eienaar van een van die modernste en vooruitstrewendste melkboerderye in die land en die enigste van sy soort in die Noordweste. Hy beskik oor die modernste masjinerie vir die melk van die koeie en om die melk af te koel. Hy was ook een van die eerste boere wat in daardie dele met karakoelskape begin boer het.

In 1925 is genl. Strauss met mej. Hilda van Rensburg getroud. Drie kinders is uit die huwelik gebore. Sy het hom in 1941 ontval. Gedurende 1945 is hy weer getroud met mej. Hester Coetzer.

AMPTE

Reeds vanaf 1921 is genl. Strauss Vrederegter en vanaf 1924 Landbankwaardeerder. Vanaf 1934 tot 1941 was hy lid van die Noordwestelike Landbankraad. Hy was een van die stigters van die Straussburg-koöperasie. Later het al die koöperasies saamgesmelt en die Oranje Koöperasie gevorm. Genl. Strauss is een van die direkteure van die onderneming. Hy dien ook op die direksie van die Gordonia-Winkels Bpk., op die Gordonia-skoolraad en op die Upingtonse skoolkomitee.

VEGTER

Genl. Strauss was een van die stigters van die O.B. in daardie geweste. Voorheen het hy aktief deelgeneem aan die partypolitiek en gedurende verkiesings hom beywer vir die N.P.-kandidaat.

In die O.B. was hy eers veldkornet, daarna hoofkommandant, toe generaal en tans hoofgeneraal. Hy is 'n harde vegter vir die saak wat hy dien.

As hoofkommandant het genl. Strauss die voorreg gehad om die K.G. na sy aanstelling as leier van die O.B., vir die eerste keer deur die Noordweste te vergesel.

Gedurende 1946 is genl. Strauss saam met die O.B.-wag vervolg na aanleiding van 'n kamp te Giftkloof. Hy is 'n besonder gebalanseerde persoon maar ook iemand wat nie sommer 'n kans verby sal laat gaan om iemand 'n poets te bak nie.

Russiese Veto

Rusland het verlede Woensdag vir die 27e keer gebruik gemaak van sy veto-reg. Hy het dit gebruik toe hy wou verhoed dat Ceylon lid van die V.V.O. word. Dit is die twaalfde keer dat Rusland verhoed dat ander lande lede van die V.V.O. word.

84 Wesies Op Pad Na Unie

Die eerste groep Duitse weeskinders wat deur Suid-Afrikaanse ouers aangeneem sal word, het reeds uit Duitsland vertrek en sal waarskynlik op 9 September in Kaapstad aankom. Hulle bestaan uit 'n groep van 84 wat almal onder die ouderdom van 10 jaar is en reis onder sorg van mnr. Schalk Botha, sekretaris van die Dietse Kinderfonds, wat die wesies in Duitsland gaan uitsoek het.

Meer as 800 persone in Suid-Afrika het ingewillig om van die Duitse kinders aan te neem, maar voorlopig sal daar nie meer Duitse wese na die Unie gebring word nie, volgens 'n amptelike verklaring.

In 'n onderhoud het mnr. Botha verklaar dat alleen geestelik en liggaamlike geskikte kinders uitgesoek is. Die meeste van hulle het swaar gely as gevolg van die na-oorlogsontberings. Baie van die kinders is uit Pole en Oos-Duitsland gestoot. Die Russe het hulle op oop beestrokke gelaai en in die winter van 1946-47 het honderde kinders op hierdie manier omgekom. Op een van die treine het 400 uit die 600 dood gevries. Baie wat saam met hul ouers op die treine gelaai was, het ouerloos by hul bestemming aangekom ,omdat die ouers hul klere vir die kinders gegee en self verkluim het.

KEN GEEN VRUGTE

Van twaalf kinders wat deur 'n buitelandse joernalis ondervra is, het nog nie een ooit sjokolade of vrugte in hul lewe geëet of nuwe klere aangetrek nie.

Alleen 'n paar kan iets van hul ouers onthou. Vir baie maande lank was hulle aan hul eie lot oorgelaat en moes maar self sien om aan die lewe te bly.

Die totale koste aan die skema verbonde is minder as £100 per kind.

Kleurlinge Se Stryd Om Stadsbestuur

Nie-blankes is op 'n vergadering van Kleurling-belastingbetalers van Goodwood-Vasco verlede week deur 'n spreker aangemoedig om by die H.N.P. en Ossewabrandwag aan te sluit ten einde inligting in te win wat nuttig gebruik kan word.

Die vergadering het in verband gestaan met die munisipale verkiesing waarin daar ook 'n paar nie-blankes as kandidate staan. Die propaganda was veral gemik teen hoofkomdt. H. J. Steyn wie se O.B.-skap as gogga gebruik is. „Ons moet die Herrenvolk op gelyke voet ontmoet", is in die verband gesê.

'n Spreker het hom ook op naturelle-steun beroep om saam te span vir die „uitwerping" van die blankes uit die raad. Hfkomdt. Steyn staan teen 'n nie-blanke kandidaat in Wyk 3. Dit is die derde poging wat van Kleurling-kant aangewend word om hierdie wyk te verower.

„Ek geniet hul geur!"

sê Mnr. R. Noël,
Passer en Monteur, Durban.



Springbok Sigarette is die spil waar my lewe om draai! Ek het altyd 'n pakkie by my. Ek geniet hul geur en grootte en hulle maak nooit my keel seer nie.

Meer mans rook Springbok as enige ander sigaret!



HIERDIE FEIT IS BEWYS DEUR ONLANGSE UNIE-OPNAMES DEUR ONAFHANKLIKE NAVORSINGS-ORGANISASIES.

Dwarsdeur die Unie het manne van alle stande—skrynwerkers, klerke, maatskappy-direkteure—oorweldigend hul keuse uitgebring op Springbok. *Geniet Suid-Afrika se Vooraanstaande Sigaret — Probeer Springbok Vandag!*

SPRINGBOK
DIE SPORTMAN SE SIGARET

Met en sonder kurkmondstuk.

U/S 339

ONS HELP HULLE WAT ONS HELP. DIE ADVERTEERDERS HELP ONS.

VERVOERDIENS
Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met
J. A. STRAUSS
Posbus 64 - - Telefoon 9-8355
PAROW

PLUIMVEE
Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Bpk
MOREMARK (Posbus 7185) Newton

Stem vir
J. H. RÖHM
Kandidaat in
MUNISIPALE VERKIESING
GOODWOOD
Wyk No. 1

Stemdag:
6 SEPTEMBER
(van 8vm. tot 7 nm.)
Stembus:
Rooms-Katolieke Kantoor,
Andersonstraat 20,
Goodwood.

★ Ek doen 'n beroep op alle kiesers om te sorg dat hulle op 6 September hul stem uitbring op die regte kandidaat. Ek het die laaste twee verkiesings gewen, dien die afgelope vier jaar al in die Raad, en is die huidige onderburgemeester.

★ Sal alle goedgesindes wat met motors wil help asb. met my in verbinding tree. Adres: Beaufortstraat 36, Goodwood — Telefoon 98-227 of 98-351.

25/8/2

Hfkomdt. H. J. STEYN



Kandidaat in Munisipale Verkiesing
GOODWOOD
Wyk No. 3

Stemdag: 6 SEPTEMBER
Stembus: H/v. De Villiers en Dinglestrate, Vasco.

★ Sal alle goedgesinde vriende wat bereid is om te help en om motors te gee, asb. met my in verbinding tree.

(Geplaas deur H. J. Steyn, De Villiersstraat, Vasco. Telefoon 98-9292.)
25/8/48

DIE O.B., WOENSDAG, 25 AUGUSTUS 1948

OP GROND VAN SULKE INLIGTING!

Die onthullings van mnr. F. C. Erasmus, Minister van Verdediging, in die volksraad verlede week werp 'n interessante lig op sowel die diktatoriale neigings van die Verenigde Party as die gehalte van inligting wat deur sy leërskare spioene aan die regering tydens die oorlog en die jare daarna verstrek is. Wat indertyd uit genl. Smuts se toesprake afgelei kon word, naamlik dat hy van die Verdedigingsmag 'n soort militêre afdeling van sy politieke party wou maak, word deur die dokumente blykbaar bevestig. Die O.B. het kort na afloop van die oorlog aangekondig dat genl. Smuts net ondersteuners van sy party tot die Verdedigingsmag gaan toelaat. Nasionaalgesinde burgers van die land sou nie meer met wapens vertrou word nie. **Ons het toe verklaar dat hierdie houding genoegsame onderstreping is van die vreemdelingskap van die regering wat Suid-Afrika nege jaar gelede in die oorlog gesleep het en met sy horde spioene jag gemaak het op alle nasionaalgesinde elemente. Daardie gevolgtrekking blyk nou dokumentêr gestaaf te wees. Dit beteken niks anders nie as dat die Smutsparty homself so vreemd voel teenoor die gevestigde bevolkingsdeel van die land dat hy vir hom 'n leër moes opbou wat vir 'n groot deel bestaan het uit elemente wie se trou in die eerste plaas nie teenoor Suid-Afrika is nie.**

INTERNERINGS

Hierdie party het die bewind in ons land op 4 September 1939 oorgeneem sonder 'n regstreekse mandaat van die volk. Ses jaar lank het hy in naam van die volk oorlog gevoer en in daardie tyd 'n leër van tienduisende spioene in diens geneem om op die gevestigde inwoners van die land te spioeneer. **Sonder openbaring van die beskuldigings teen hulle het hy honderde eerbare Afrikaners in tronke en kampe gesmyt op die getuienis van sy geheime spioene en nuusdraers. Hoe hierdie „inligting" gelyk het, word nou geopenbaar deur een van die menigte dokumente wat verbranding vrygespring het. Dit lui dat „prof. M. C. Botha sekretaris van die Kultuurraad," sekere voorstelle sou gedoen het in verband met onderwys. Prof. Botha was nog nooit aan die Kultuurraad of F.A.K. verbonde nie, volgens sy eie erkenning!**

Geen wonder nie dat daar selfs 'n ondersteuner van genl. Smuts in die kamp gestop was vir „sondes" wat 'n neef met dieselfde naam glo sou gepleeg het!

Soos ons sê, die dokumente laat 'n interessante lig val op die soort inligting wat honderde Afrikaners tot solank as vyf jaar in kampe laat beland en geldelik geruïneer het. In die lig daarvan kan ook die versetplegings van jong Afrikaners soos Van Blerk en andere beter verstaan word.

Stroom Nog Nie Gekeer

Die aankondiging van dr. Dönges dat die immigrasiebeleid van die Unie in hersiening geneem gaan word en dat die indiensneming van drie spesiale immigrante-skepe reeds opgesê is, sal in wyer as Afrikaanse kringe verligting bring. Soos die Minister aangetoon het, het die vinnige instroming van vreemdelinge geen verband gehou met die ekonomiese en maatskaplike omstandighede van die land te midde van talle tekorte nie — dinge wat ook die Rhodesiese regering beweeg het om immigrasie in bande te lê.

Dit wil egter voorkom of in die praktyk voorlopig nie veel tereg sal kom van die aangekondigde nuwe beleid nie. Onder die bestaande wetgewing is die Minister magteloos om die immigrasiestroom te reguleer. Hy het geen reg om gebore Britse onderdane te verbied om die land binne te kom nie, behalwe op grond van die enkele voorwaardes wat in die bestaande wetgewing opgeneem is, waarvan die belangrikste is dat immigrante nie vir sekere misdade veroordeel was nie, nie aan ongewenste siektes ly nie en in staat is om, vir 'n tyd altans, hulself te onderhou. **Origens kan niemand hulle verhinder om die land op eie inisiatief binne te kom nie, en volgens die Minister, het die helfte van die immigrante die afgelope jaar wel op eie inisiatief die land binnegekom.**

Die staking van die gebruik van die drie immigranteskepe beteken ook nie dat hierdie skepe nou geheel en al vir immigrante verlore is nie. **Hulle sal nog vir die skepe gebruik kan maak, hoewel nou in mededinging met gewone passasiers, sodat die getal van 70,000 wat die Minister vir die afgelope jaar genoem het, seker nie 'n groot daling in die volgende twaalf maande sal ondergaan nie.**

Nuwe wetgewing stel die Minister eers vir aanstaande jaar in die vooruitsig, sodat sy beleid op die vroegste eers oor 'n jaar behoorlik toegepas sal kan word. **Dit is jammer dat die ongeleë datum van die verkiesing nie 'n langer eerste sitting van die parlement moontlik gemaak het nie, want dit is nou eenmaal die beloop van die huidige politieke stelsel dat 'n regering na elke nuwe jaar met 'n sterker opposisie te doen het, sodat die begeerte en wenslikheid om met enigsins ingrypende wetgewing voor die dag te kom, by 'n regering elke jaar noodwendig afneem. Ons wil hoop dat ons in hierdie geval 'n uitsondering belewe.**

GAPINGS IN YSTERGORDYN VERONTRUS STALIN

Vir die eerste keer in 'n baie lang tyd, het daar weer berigte oor die binnelandse toestande in Rusland die Weste bereik. Die ontevredenheid oor die heersende toestande in Rusland neem tans toe op die kollektiewe plase en fabrieke as gevolg van die verhale van Russiese soldate wat die weelde van die Westerse beskawing leer ken het en tot die gevolgtrekking kom dat toestande in Rusland baie swakker is as in die res van die wêreld.

Dit is die inligting van die betroubare blad Review of World Affairs na aanleiding van waarnemings en gesprekke met Russe. Dat die ontevredenheid op die plase en fabrieke broei, word van besondere belang beskou omdat dit hier is waar Rusland se krag lê.

Daar is egter geen georganiseerde ontevredenheid nie, behalwe in die Ukraïne. Oral heers daar merkbare ontevredenheid. Miskien moet hierdie ontevredenheid beskryf word as die merkbare ontwaking van die openbare mening in Rusland wat 30 jaar lank aan bande gelê is. Daar is ook 'n afname in die vertroue in die regering en in die gesag van die M.V.D. (geheime polisie), aldus die blad.

„GLAD NIE SLEG"

Gedemobiliseerde soldate wat uit die leër ontslaan is, het veel bygedra om hierdie gevoel te versprei omdat hulle besef dat daar ook iets anders bestaan as die dinge agter die ystergordyn. Daar word gefluister dat die buitewêreld glad nie so sleg is om in te lewe nie.

Die owerheid doen alles in sy vermoë om hierdie gevoel van ontevredenheid teen te werk. **Behalwe arrestasies van groot groepe soldate wat te veel praat, word die radio en pers ingespan om oud-soldate wat as krygsgevangenes terugkeer in diskrediet te bring deur die opvatting te versprei dat 'n soldaat wat toegelaat het dat hy lewendig krygsgevange geneem word, 'n verraaier is.**

GELIKWIDEER

Nie meer as tien persent van die Russiese soldate wat uit die vreemde teruggekeer het, beweeg tans vry in hul eie vaderland nie. Die res is na slawekampe gestuur waar die dodesyfer sowat 60 persent is. Die owerheid hoop dat hy op hierdie manier teen 1949 die probleem uit die weg geruim sal hê.

Daar is ook moeilikheid met die offisiere wat van die Weste terugkeer. Op een stadium was dit so erg dat alle verlof in Duitsland vir ses maande lank stopgesit is. Daar was ook 'n tyd toe Russiese offisiere verbied was om hul verlof in Moskou deur te bring. Die regering het ook probeer om die moeilikheid te voorkom deur hoofsaaklik Asiatiese soldate na Duitsland te stuur in die hoop dat die meer beskaafde Russe in Wes-Rusland, wat hierdie Asiate verag nie hul stories sal glo nie.

EIE TUISTES VERBIED

Baie soldate wat terugkeer uit die Weste is ook verbied om na hul wonings terug te gaan. Agente van die geheime diens hou alle teruggekeerde soldate en offisiere dop om vas te stel of hulle nie stories versprei nie, terwyl die demobilisasie en verplasings so gereël word dat dit die moeilikheid sal teenwerk. Vir diegene wat nie bekend is met die doeltreffendheid van hierdie geheime inligtingsagente nie, is dit moeilik om te besef wat dit beteken om deur die agente dopgehou te word.

Terwyl die korrespondent van die blad besig was om met 'n hoë offisier in die Russiese leër te gesels, het een van hierdie spioene in 'n luitenantsuniform die kamer binne gekom en vrae aan die offisier begin stel wat ewe bedeesd op aandag gestaan het voor hierdie mindere in rang. Laasgenoemde het eindelik alle papiere op die offisier se lessenaar deursnuffel. Sommige teruggekeerde offisiere moes uitvind dat hulle vrouens op hulle spioeneer.

ONRUS

'n Ander waarnemer van die blad berig dat dit vir hom voorkom asof die Russiese volk as gevolg van jarelange verdrukking en blootstelling en ontbering, 'n stadium bereik het waar hulle nie meer omgee wat gebeur nie en daarom ook nie meer die ontsag koester vir die M.V.D. nie.

Onlangs is stakings uit sewentien verskillende dorpe berig. Dit is iets ongewoon en ongeoorloof in Rusland. Dit het voorgekom in Tjumen, Nizne, Tagilsk, Kotlas, Kirow en Engels. Dan was daar ook landboustakings in Turkestan en die Ukraïne. Dit is opmerklik dat in meeste gevalle daar nie streng teen die stakers opgetree is nie, maar dat hul griewe tegemoet gekom is. Verskillende van die fabriekshoofde is tereggestel en die stakende werkers is in sommige gevalle uitgenooi om terug te keer na hul werk met die toegewing dat hulle nie vervolg sal word nie. Aan sommige is ook beter behuisingstoestande beloof.

Die kwessie van ontevredenheid van die Russiese bevolking is reeds 'n paar keer deur die partyleiding bespreek. 'n Paar moontlike oplossings is aangebied: die tempo van die vyfjaarplan moet verminder word en meer verbruikersgoedere aan die Russiese volk beskikbaar gestel word. Dit sal egter beteken dat die Russiese buitelandse bedrywighede tot 'n groot mate ingekort en dat nog 2,000,000 soldate gedemobiliseer sal word.

Stalin en sy kliek hoop ook om die Russe — veral die jongeres — te troos deur die landsgrense stadig maar seker uit te brei — verkieslik op vreedsame wyse.

V.V.O. Vrees Depressie

'n Neerdrukkende prentjie van die ongesonde ekonomiese toestand van die wêreld word deur die V.V.O. geskilder in 'n opname van die wêreldekonomie vir 1947. Die verslag maak melding van ongewenaarde handelstekorte, voedseltekorte sowel as nywerheidstekorte. Die verslag kom tot geen gevolgtrekking nie, maar gee te kenne dat die voortduur van sulke toestande sal lei tot 'n wêreldde-pressie. Terwyl die wêreld minder handel dryf, styg die produksie maandeliks, aldus die verslag.

Vra vir Ons !

L.V.'s van die Verenigde Party in die Skiereiland is verontrus oor 'n nuwe „kliek-geluid" wat hulle op hul telefone hoor wanneer hulle in 'n gesprek verkeer. Hulle vermoed dat hulle afgeluister word.

Volgens hul beskrywing skyn dit nie 'n afluistery te wees nie. Eers wanneer die „kliek" vergesel gaan van 'n verflouing van die gesprek, word daar afgeluister — vra vir ons, ons weet!

Verbrande Dokumente

Die Smutsregering het tydens sy bewind al begin om inligtingsdokumente te verbrand en die proses is, volgens die Minister van Verdediging, deur offisiere voortgesit ná die verkiesing. Sommige lêers is egter betyds van die vuur gered, en dit was glo eintlik van hulle dat genl. Smuts in sy gedagte verlede week gesê het: „Verbrande dokumente!"

UNIE EN V.V.O.

Die name van die afgevaardigdes wat Suid-Afrika op die V.V.O. in Parys sal verteenwoordig, is verlede week aangekondig. Die afvaardiging sal staan onder leiding van mnr. E. H. Louw, Minister van Ekonomiese Ontwikkeling. Behalwe die Uniegesant in Brittanje, Amerika en die Unie se gevolmagtigde minister in Parys, sal mnr. C. te Water, die Unie se Buitengewone gesant, die afvaardiging uitmaak.

TIERVLEI — Ossewabrandwagdag — TIERVLEI

●

Basaar en Braaivleisaand word gehou op

SATERDAG, 28 AUGUSTUS

vanaf 3-uur nm.

H/V. PRINSLOO- EN HOFMEYERWEG

Spreker: GENL. W. R. LAUBSCHER

★ *O.B.-BLAASORKES* ● *ALMAL WELKOM* ★

25/8/48

BRITSE VOLK BESTEE JAARLIKS £800 MILJ. AAN DOBBELARY

Hoe die dobbelgees die Britse volk gepak het, blyk uit die jongste gegewens wat beskikbaar gestel is.

Dit word bereken dat daar in Brittanje elke seisoen gemiddeld £75,000,000 deur die voetballoterye gehanteer word en dat die weeklikse prysgeld sowat £20,000 bedra en dat sowat een-sesde van die Britse bevolking, of 7,000,000 mense, weekliks aan die voetballoterye deelneem.

Dit egter is nog maar een van die klein dobbel-ondernemings in Engeland. Daar is nie minder nie as 20 hondewedrenne-arenas en volgens berekening neem 4,000,000 mense elke week daaraan deel. **Gedurende 1946 was die totale ontvangs van die hondewedrenne niks minder as £330,000,000 nie. Verder is daar nog baie ander maniere van dobbel soos perdewedrenne, loterykaartjies, ens. sodat daar jaarliks £800,000,000 aan dobbellary gespandeer word.**

Die voetbalondernemings alleen het 150,000 mense in diens terwyl 50,000 deeltyds gedurende die naweke werk. Een onderneming wat weekliks 3,000,000 koepons uitstuur het alleen 11,000 mense in diens.

Sedert die begin van die jaar is daar 'n nuwe belasting op die voetballoterye gelê wat ongeveer £30,000,000 aan die staatskas sal besorg.

Studente Vra Segregasie

'n Uniale konferensie van Afrikaanssprekende studente wat in Bloemfontein vergader het, het hom ten gunste van segregasie in die akademiese sfeer uitgespreek en 'n beroep op die regering gedoen om 'n einde te maak aan die toestand wat op sommige universiteite heers.

Oudstryder Bemaak Boek Aan O.B.

Daar is 'n weinige beterskap in die toestand van mnr. F. D. Conradie, wat al maandelank siek lê, eers aan die huis van sy dogter mev. M. G. Visser op Stellenbosch en tans in die Groote Schuur-Hospitaal, Kaapstad, verneem Die O.B.

Mnr. Conradie is 'n republikeinse burger en oud-stryder uit die Tweede Vryheidsoorlog. Hy was lid van die verkennerskorps onder genl. Piet Joubert en het onder genl. Cronje en later onder genl. De Wet gedien. Hy is in die Watervaldrifgeveg gewond en is in die ambulanswa waarmee hy na die hospitaal vervoer is deur die Engelse gevange geneem.

Na die beëindiging van die oorlog was mnr. Conradie een van die bittereinders wat verkies het om na Argentinië te verhuis omdat hy nie onder die Britse vlag wou leef nie.

TERUG

In 1937 het mnr. Conradie en sy gesin na die Unie teruggekeer. Die siekte waaraan hy tans ly is die naweë van 'n kwaal in die vreemde opgedoen.

Met die koms van die Osse-wabrandwag het mnr. Conradie hom hartlik vereenselwig met hierdie republikeinse volksbeweging. Vóór sy siekte het hy die O.B. gedien as veldkornet en kwartiermeester van die kommando op Laingsburg — waar sy trou en ywer 'n inspirerende voorbeeld vir sy medebrandwagte was.

GESKENK AAN O.B.

Mnr. Conradie het sy oorlogsherinneringe opgeteken in die boek **Met Cronje aan die Wesfront.**

„In my testament gaan ek die outeursregte van hierdie boek aan die O.B. bemaak", het mnr. Conradie aan die K.G. laat weet.

Hierdie aktiewe en nimmerrustende oud-stryder is van voorneme om die tweede deel van sy herinneringe vir publikasie te voltooi sodra hy sy bed verlaat.

Die O.B. wens mnr. Conradie 'n spoedige herstel toe en mag sy kragte voldoende wees om vir die nageslag op te teken nog 'n brokkie geskiedenis uit 'n heroiese tydvak waarin hy geleef en gestry het.

Ogies in die Nuus

Sonder Opposisie?

Die Franse regering het besluit om die ander vier lede van die Westerse Bond — Holland, België, Brittanje en Luxemburg — uit te nooi om deel te neem aan samesprekings vir die instelling van 'n Europese parlement.

Die vraag is of hierdie „parlement" die vorm van die Britse parlementêre stelsel sal aanneem; indien wel, wie gaan die amptelike opposisie wees en indien dit bepaal is, hoe lank gaan die Westerse Bond bestaan?

Ryksbelange

Die Cape Times oor beëindiging van die immigrasieskema: „Dit is kranksinnige staatsmanskap. Suid-Afrika se verlies sal die wins van ander dominiums wees."

Darem tog nog die wins van die Ryk, wat hoofsaak was vir die vorige bewind, nie waar nie?

Deur Gesluit vir „Vakmanne

Die aankondiging van min. C. R. Swart dat voetballoterye deur wetgewing verbied sal word, kom as 'n harde slag vir voorgenome Britse immigrante in dieselfde week waarin dr. Dönges stopsetting van die immigrasieskema aangekondig het. **Voetballoterye in Engeland het 150,000 voltydse werkers in diens. Dink net hoeveel van hierdie „vakmanne" eersdaags na die Unie sou kon gekom het om die nuwe bedryf te help opbou met hul gespesialiseerde kennis!**

Aspoestertjie

„Ofskoon sommige van die sake op die parlementêre ordelys op 'n party-grondslag benader kan word, behoort die naturelle-vraagstuk as 'n volksaak aangepak te word," het dr. T. W. B. Osborn, L.V., verlede week gesê.

Ons vra: Waarom 'n aspoestertjie maak van die naturelle-vraagstuk deur dit te ontruk aan die heilsame werking van die partystelsel? Of is dit „sommige van die sake op die ordelys" wat eintlik die aspoestertjies is?

50,000 Wag Op Huise

Meer as 40,000 aansoekvorms om huisvesting is in die Johannesburgse kantoor van die huurkontroleer „ontdek" toe 'n nuwe amptenaar kort gelede aangestel is. Die vorms, waarvan baie sover terug as 1946 dateer, het opgestapel gelê op die grond. Daar was geen behoorlike indeksstelsel nie.

In Kaapstad bevat die waglys vir huise reeds meer as 11,000 name en sommige hiervan is ook nog voor 1946 daarop geplaas. Daar sal glo nou pogings aangewend word om die mense wat sedert 1946 wag, aan huise te help.

ARBEIDERS EN V.P. KRY STRY

Die opposisie-vleuel bestaande uit die Verenigde Party en die Arbeidersparty sal nie saamwerk met die provinsiale verkiesings nie, luidens 'n verklaring van die bestuur van laasgenoemde party. Die V.P. word beskuldig dat hy sy ooreenkoms verbreek het deur nie onlangs 'n lid van die Arbeiders op die uitvoerende komitee van die provinsiale raad van Transvaal te benoem nie. Die breuk tussen die twee partye geld ook vir munisipale verkiesings.

As gevolg van die vakatures wat daar op die uitvoerende komitee ontstaan het nadat twee lede daarvan, 'n lid van die Verenigde Party en Arbeider, tot senatore benoem is, is die Arbeidersparty oor die hoof gesien by die nuwe aanstelling en twee V.P.-lede, mnr. B. Bekker, en M. A. Donovan, het lede van die uitvoerende komitee geword. Die V.P. het nie die kandidaat van die Arbeiders, mnr. M. Rutter, ondersteun nie. Die V.P. sou in 1943 beloof het dat vir die duur van die huidige provinsiale raad een van die uitvoerende komitee-lede 'n Arbeider sal wees.

Politieke waarnemers beskou die breuk maar as van tydelike aard.

Bethlehem Se Funksie


Die Ossewabrandwag van Bethlehem is steeds aan die beweeg onder die ywerige leiding van hfkomdt. D. Pitout en gaan op 28 Augustus 'n funksie hou om fondse in te samel vir O.B.-dag.

Die verrigtinge begin reeds om 10.30 vm. in die Kerksaal waar 'n basaar gehou word. Mev. Bester met haar Boereorkes sal musiek verskaf. Daar sal ook speletjies, skyfskiet, ens. wees. Genl. P. J. Hendriksz van Marquard sal om 2.30 nm. 'n toespraak lewer. Alle vriende en belangstellendes word uitgenooi om die funksie by te woon en te ondersteun.

WAPENS EN AMMUNISIE
van alle soorte
Groot voorraad .22-Gewere
★
Manie de Villiers,
Plaza-Toiletsalon,
Voortrekkerweg 102A - PAROW
Telefoon 98-9161
28/8/TK

RADIOTRONICS
(A. Perold en P. Brink)
Vir herstel en koop van
ELEKTRIESE APPARAAT
(Onderneem ook yskasherstelwerk, ankerontwikkeling en lê van kabels in huise en fabrieke)
Hoofstraat BELLVILLE
Foon 97-9114.

Is Medisyne Noodsaaklik?
Die Natuurwetenskap sê nee!



Die Bron van Siekte

BEKAMP SIEKTE MET DIE JONGSTE WETENSKAPLIKE METODES
Met Verbasende Uitslae
GEEN MEDISYNE!
GEEN OEFENINGE!

Die Hardnekkigste Kwale swig

Die wetenskap het nou uitgevind dat sodra 'n besmette liggaamsdeel skoongemaak word van sy gif of onsuiwerhede, die siekte verdwyn. Deur die toepassing van ons wetenskaplike metodes het dit nou 'n maklike taak geword.

Dit maak nie saak hoe ernstig of aanhoudend u kwaal is nie — selfs al is dit as chronies of ongeneeslik bestempel. Daar is hoop vir u. Geen medisyne of oefeninge benodig nie. U sal onder geen verpligting staan nie. Skryf aan ons en verstrek volledige besonderhede in verband met u kwaal.

THE SCIENTIFIC HEALTH INSTITUTE
Posbus 1336 — KAAPSTAD

● Hy wat in „Die O.B." adverteer is werd om ondersteun te word!



„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"



Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak gewaarborg 100% suiwer eerstegraadse blaar.

Rembrandt
ROOI VIR KURK GROEN VIR ONGEKURK

„Die sigaret wat u altoos graag wou rook".

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.

GEBOORTE

COETZEE. — Aan John en Betsie (neé Loock) 'n fris dogter op die 7de Augustus te Uniondale. Naas die Goeie Gewer dank aan Suster Esterhuizen vir haar gewilligheid en 25/8/1B

BOME, PLANTE EN SAAD

Goewermentsgesertifiseerde Groentesaad: Chantenay Wortels, 10/- Detroit Beet, 5/6. **Skorsies:** Klein Gem, 8/-; Lang Wit Bos, 8/6; Hubbard Groen, 8/6; Pasteipapoentjie, 8/-; Tom Watson en Wonder Waatlemoen, 12/-; Blaarslaai, 17/6; Marblobe Tamatiesaad, 35/-; Suiderkruis en Reliance Blomkool, 16/-; Spitzkopkool, 8/- per pond. Posvry. K.M.B. — **PREMIERS, P.K. Schoemanshoek.**

PATATRANKE.—Sesmaande 83 lb., 7/-; 3-maande 83 lb., 8/-; sesmaande toppe, 8/- per 1,000; steggies reg vir plant. Ses- en driemaande Borrie, 6/- per 1,000. Gelewer Serpentine. K.M.B. Tevredenheid gewaarborg. — **B. H. GERBER (C./sn.), P.K. Hoekwil, George.** 28/7/TK

GEMENG

VAN'S CONCRETE PRODUCTS

ALLERLEI — Waterspoel-rioolstelsels, vloerteëls en gepolitoerde terrazzo-kombuisopwastafels en artikels essensieel vir gerief, higiëne en netheid. Volle besonderhede skrywe:— **VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BPK.,** Potgieterstraat 258, Pretoria. 3/12/TK.

MEUBELS

MEUBELS. — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte ens. ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11.

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

TE KOOP

„ATLAS" - vragmotorbakke, sleepwaens, druiwebakke, ens., gebou na u bestelling; asook die verpakking van meubels, oprigting van kantoorrakke en -afskortings; die bou van houthuise („bungalows"). In kort, enige soort houtwerk word onderneem en uitgevoer deur 'n deskundige vakman. — Raadpleeg **NICK NEETHLING, Lady Greystraat, Paarl. Foon 1253.**

GEDROOGDE VRUGTE. — Barrymerk gedroogde vrugte posgeld betaald in Unie in 5 en 10 pond kissies. Appelringe 3 Diamant 2/1, Perskes 3 Diamant 2/1, Pere 3 Diamant 2/1, Vye 4 Diamant 2/3, Pruimedante 50/60 1/8½, Rosyne 3 Diamant 10½d., Tros-Rosyne 4 Diamant 1/3, Okkerneute 2/3, Amandels 1/9, per pond. Volledige Pryslys verkrygbaar van Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 4/8/4.

GESUIKERDE VRUGTE. — Barrymerk gesuikerde vrugte 8/6 per ses 1 pond pakkies of 6/3 per 5 pondkissie posgeld betaald in Unie. Kontant met bestelling. Ons stuur ook gesuikerde en gedroogde vrugte ten behoewe van kliënte aan vriende oorsee. Verdere besonderhede verkrygbaar by Die Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 4/8/4.

HOHNER-MONDFLUITJIES:

ECHO krombalk, 6 dm. lank	11/6
ECHO krombalk, 5 dm. lank	9/6
ECHO krombalk, 4½ dm. lank	8/6
UNSERE LIEBLINGE — 4½ dm. lank	8/6

Posgeld 6d. op elk.

BELLVILLE-DIENSTE
Posbus 59 — BELLVILLE 28/8/1

KUIKENS dadelik verkrygbaar. Australorps en Leghorns teen £6 per 100. Kruis teen £5 per 100. Ses weke kruis- kuikens teen £12 10s. per 100. Drie maande oud kruis hennetjies teen 10/- stuk. K.B.A. of K.M.B. Waarborg sterk kuikens. Bestel dadelik en voorkom teleurstelling. **H. R. MALAN,** Weltevrede Pluimvee Plaas, P/K. Kerstfontein, Paarl. Foon 6203. 18/8/T.K.

200 OPBETAALDE AANDELE in Perskor (Die O.B.). Doen aansoek by **Eerw. W. J. Wentzel,** Thaba 'Nchu. 28/8/1

Opreggeteelde Rifrug Leeuhondjies: Gebore 21/7/47 van geregistreerde ouers. Vader: „Mabango," Gereg. No. 81098. Moeder: „Dally," Gereg. No. 76282. Kwaai en waaksaam. Lief vir kinders. Reuntjies £8/8/-, tefies £7/7/-, gelewer my stasie. — **J. F. Potgieter,** Posbus 5, **Petrus Steyn.** 25/8/1

PATATRANKE. — Drie-maande Wit, 5/- per 1,000; ses-maande 5/6 per 1,000. K.M.B. — **P. J. BOTHA,** Hoekwil, George.

Plaas Fouriesburg distrik, O.V.S., drie myl van stasie en dorp, 228 morge en enige roede, pragtige lande en weiveld. Bus en pos dæliks en halt op plaas. Huis en buitegeboue modern. Besigtiging uitgenooi. Vry van onkruid. Besonderhede op aanvraag. Foon 1602, Du Toit, Hennie. 18/8/3.

SOUT. — Brandwagte, ek vra u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. A.1, 80/-; sneeuwit no. 1, 70/-; wit no. 2, 60/-, per ton vry gelaai soutwerke. Adres: **Komdte mevr. Martie Venter,** Possak no. 4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 25/8/TK

STEENMAAKMASJIENE. — „Kleine Wonder" vir die maak van standaard grootte sementstene van 9 dm. x 4 5/16 dm. x 3 dm. teen £30, of £20 sonder voetstuk. Luukse modelle teen £5 ekstra. V.o.s. Hopefieldstasie. Handelsnavrae word verwelkom. Om besonderhede en illustrasies skryf aan: **Kleine Wonder Steenmasjiene (S.A.) Agentskappe,** Posbus 18, Hopefield, K.P. 18/8/T.K.

Speelskeie, bottelvorm teen 3/9; kopskeie 4/6; agtkantig 5/-; dubbelkop 5/6; een paar muilswingels teen 5/6; een trekdonkie 5/-. — **Koos Botha, P.S. Serpentine, Dist. George.** 4/8/8.

Vir elektriese- en paraffin-koelkaste; paraffin-, kool- en elektriese stowe; elektriese- en petrol-wasmasjiene; stofsuiers en politoerders, meubels, draadlose, ens. raadpleeg of skryf aan **ELEKTRON-KONTRAKTEURS,** Keeromstraat 18, Kaapstad. 18/8/T.K.

BETREKKING VAKANT

Hoof: Ysterware en Boumateriaal

Aansoeke word ingewag van persone met deeglike vorige ondervinding van Ysterware, Boumateriaal en Landboubenodigdhede. Aangename persoonlikheid, organisasievermoë en bekwaamheid noodsaaklike vereistes. By voorkeur iemand met kennis van die boubedryf en bouplanne wat advies in hierdie verband aan kliënte kan verskaf. 'n Goeie salaris, wat onderling met die suksesvolle applikant gereël sal word, is aan die pos verbonde.

Rig aansoeke met vermelding van ouderdom en huwelikstaat tesame met afskrifte van onlangse getuigskrifte aan: **Die Bestuurder,** Robertson-Handelsvereniging Bpk., Posbus 7, Robertson.

KLERK BENODIG

Vir Prokureurskantoor op die platteland. Vorige ondervinding 'n sterk aanbeveling. Applikante moet sê welke salaris hulle verlang en die vroegste datum wat pligte aanvaar kan word. Adresseer: „Prokureursklerk", Posbus 1411, Kaapstad. 18/8/2

Die Week In Oënskou

Die Indiërs in Suid-Afrika sal aanstaande maand twee Indiërs na die V.V.O. in Parys stuur wanneer die behandeling van Indiërs in Suid-Afrika ter sprake kom. Hulle is dr. G. Naiker en dr. Y. Dadoo wat „inligting" sal gee aan afgevaardigdes wat daarvoor vra.

Die inwyding van die Voortrekkermonument sal op 16 Desember 1949 plaasvind, volgens 'n besluit van die Sentrale Monument-komitee. Al sal al die werk nog nie klaar wees nie, sal die monument nog onthul word.


Die Denk-voorval is die afgelope week weer opgediep toe dr. D. F. Malan stukke uit die dokumente voorgelees het. Dr. Malan het die vorige regering daarvan beskuldig dat hulle belangrike stukke uit die dokument verswyg het ten einde 'n wanindruk te laat posvat.

Die Unie se Buitengewone Ambassadeur, mnr. C. te Water, wat verlede week na die buiteland vertrek het, het te kenne gegee dat hy sal probeer om 'n lening in Amerika te kry om te verhoed dat die Unie dit nodig vind om sy invoer in te kort.

Groot Laertrek Vir Boerejeug

Die Jeugleier, genl. prof. Dirk van Rooy, het besluit om gedurende die Septemberskoolvakansie 'n opleidingslaertrek vir die offisiere en lede van die seuns- en dogtersafdelings van die Boerejeug van Gebied A te hou, en wel vanaf Vrydag, 24 September, tot 1 Oktober op die plaas van hoofgeneraal J. A. de Wet Strauss, Vredelus, Upington.

Laergangers wat per trein reis moet op Louisvale-stasie (digby Upington) afstap en moet probeer om die oggend van 24 September reeds in die laer te wees.



Die Jeugleier, genl. prof. Dirk van Rooy.

Daar sal spesiale aandag aan die deeglike opleiding van Boerejeugoffisiere g e s k e n k word. Alle offisiere word dringend versoek om die laertrek by te woon en om te organiseer dat soveel moontlik van hulle onderoffisiere en brandwagte ook teenwoordig is. Heel kleintjies sal in die laer toegelaat word alleen as hulle onder sorg van hul ouers kom.

Persone wat die laertrek wil bywoon moet sorg dat hul naam, adres, ouderdom en kodenommer **voor 10 September 1948** aan generaal Strauss gestuur word. Daar moet duidelik gemeld word wanneer en met watter trein 'n lid sal aankom. Sitplek vir die terugreis moet vroegtydig deur elke lid bespreek word.

KOSTE

Die reis- en verblyfkoste na en in die laer word deur die laerganger self of deur die Boerejeugeenheid se kas gedra of as 'n laerganger dit nie kan bekostig nie, kan hy die offisier van die plaaslike groot-O.B. versoek om dit uit sy kas te betaal. Die laerfooi per lid vir die agt dae is 15/- of as 'n lid die laer vir minder as agt dae bywoon, betaal hy 2/3 per dag of gedeelte van 'n dag. Waar daar meer as een kind uit dieselfde huis die laer voltyds bywoon, sal daar op die laer vir 'n vermindering van die laerfooi gereël word.

Daar baie van die noodsaaklikste voorrade wat benodig word, op grootskaal onverkrygbaar is, word laergangers dringend versoek om sover moontlik 'n klein voorraad, veral suiker en mieliemeel, saam te bring teneinde die laerspens aan te vul.

'n Lys van die benodigdhede wat elke laerganger moet saambring, kan verkry word van die plaaslike jeugoffisier.

UITNODIGING

Veldkornette moet sorg dat hulle vir elke groep van ses (of gedeelte daarvan) uit hul afdeling 'n tent en lantern saambring, en moet genl. Strauss voor 10 September daarvan in kennis stel. Laergangers wat musiekinstrumente het, word versoek om dit saam te bring.

Offisiere word toegelaat om lede van die Voortrekkerbeweging en ander belangstellendes ook na die laertrek uit te nooi, terwyl 'n beroep gedoen word op groot O.B.-lede om soveel moontlik ook die laertrek by te woon.

Kommuniste Suiwer Hul Party

Die Kommunistiese Party van Tsjeggo-Slowakye het aangekondig dat die party in die komende drie maande gesuiwer sal word van persone wat ongewens is. Die 2,000,000 lede van die party sal ondervra word en diegene wat nie voldoende onderleg is nie sal lidmaatskap ontsê word.

Baie van die nuwe lede van die Kommunistiese Party was voorheen anti-Kommuniste wat blykbaar net by die party aangesluit het om hul vel te red.

‚Verdediging Was Politieke Masjien'

Die beskuldiging dat die Smuts-regering die Verdedigingsmag gebruik het as politieke masjien om sy eie party te bevoordeel deur dit spioenasiewerk te laat doen, is verlede Donderdag deur die Minister van Verdediging gedoen toe hy sy voorneme om die Verdedigingsmag te hervorm en alle politiek daaruit te weer, in die volksraad aangekondig het. Die Minister het uit dokumente voorgelees om sy aanklag te staaf.

Die Minister het verklaar dat wat die Smuts-regering in die Verdedigingsmag verbrou het, herstel sal word en dat die skietverenigings op die platteland weer wapens sal kry soos die Verdedigingswet bepaal. Die skietverenigings sal so georganiseer word dat dit buite die politiek staan.

Spr. het verwys na die dokumente waarop hy onlangs beslag laat lê het. Hieruit is dit duidelik dat die Verdedigingsmag gebruik is om te spioeneer. Daar is aan die regering verduidelik hoe die Smuts-regering telefoongesprekke laat afluister het, hoe daar uittreksels uit privaat briewe gemaak is en dit aan die kabinet voorgelê is.

Die regering het inligting gekry dat sekere staatsdokumente in opdrag van die vorige regering verbrand is. Die persoon wat daarmee belas was het egter moeg geword en omtrent die helfte nie verbrand nie.

RAPPORTEER AAN PARTY

Dit blyk dat veldm. Smuts gedurende die oorlog 'n offisier aangestel het wat regstreeks aan hom en aan die hoofsekretaris van die Smuts-party verslag moes doen. Die offisier is deur die staat betaal. Die offisier was tot 2½ maande voor die verkiesing nog in diens. Van sy verslae het in die hande van die regering gekom. Hy verwys o.a. na die Mynwerkersverkiesing wat vir die H.N.P. 'n nekslag sou gewees het.

Veldm. Smuts het ook deur die Militêre inligtingsdiens geheime dokumente aan 'n aantal ander lande laat stuur en nieteenstaande die Militêre Kode bepaal dat lede van die Mag hulle buite die politiek moet hou, het veldm. Smuts die Militêre Inligtingsdiens tot 'n politieke masjien omgeskep wat propaganda gemaak het teen Afrikaanse organisasies.

Daar is nog baie ander dokumente wat onthul kan word, het die Minister verklaar, maar hy wil dit liewer nie doen nie „terwille van die vrede in die land".

‚UITGESTORWE' RAS STERF NOU EERS: GEEN VROUE MEER

Die afgelope 100 jaar is daar gemeen dat daar geen Strandlopers — die eerste menslike ras met wie Jan van Riebeeck in aanraking gekom het in Suid-Afrika — meer leef nie. Die laaste oorblywendes is egter in die Namib-Woestyn, Suidwes-Afrika, ontdek toe die Administrateur van Suidwes, kol. P. I. Hoogenhoudt, en ander persone die gebied onlangs besoek het.

By Zessfontein het die Hottentot-kaptein boodskappers die woestyn ingestuur om van die Strandlopers te soek sodat hulle eer aan die Administrateur kan bewys. Vyf van hierdie klein oermensies het opgedaag. Hulle is donker van kleur en openbaar geen teken van kultuur of beskawing nie. Hulle lewe in die Brandberge en na skatting is daar nog sowat 50 van hierdie eerste bewoners van Suidelike Afrika aan die lewe — almal mans, sodat hulle vinnig besig is om uit te sterf. Die vyf wat gewaag het om hul verskyning te maak, het verklaar dat hulle almal met Damarameide getroud is.

Onder die Boesmans van daardie streek is hulle bekend as „Dauna-Dauna" wat as dit vertaal word, beteken „Mense van die strand in die Woestyn".

Hulle is besonder primitief en lewe van akkedisse, miere, ens. en kan tot twee tel. Vir drie het hulle 'n woord wat „baie" beteken. Hulle dra ook 'n pyl en boog. Al klere wat hul het, is 'n velskortjie en 'n velkaros. Hulle god is bekend as Damab en hulle glo dat as een van hulle sterf, hy na Damab gaan en in die land van oorvloed gaan woon.

DIE
Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 25 AUGUSTUS 1948.

KLEIN DINGE

Hulle sê 'n mens moet hoog mik en na hoë dinge strewe. Dis waar, anders sou jy die naam van Afrikaner skaars werd wees. Altyd hoër . . . . . op, op . . . . . totdat jy die beste bereik — liggaamlik, ekonomies, sosiaal, en veral geestelik!

Maar het jy al opgemerk die klein wit wolkies wat soms skynbaar so doelloos ronddwaal in die lug? Soms lyk dit soos witvliesige lammertjies wat jakker en baljaar, soms soos klein engeltjies, maar dis altyd mooi, altyd so wit. Soms as die sonsondergang hulle vang, bloos hulle . . . . . en wat 'n lieflike kleur! Wolkies in die lug, ... daar bo in die lug, klein wolkies wat nie besoedel is deur die aardse magte nie.

Jy weet, maat, ons stap soms rond met bot toe oë! Darem maar jammer né, want kyk net na al die klein dinge rondom ons! Nou die middag het ek op die stoep gesit en lees toe daar so 'n deftige dametjie al op die stoep se rand aangestap kom. So netjies lig sy die voetjies op, soos 'n klein koket kyk sy: dan na dié kant, dan na daardie kant. Haar klere pas perfek, die fraaiste kleurskema, modes wat nooit verouder nie. En ek sit en kyk nog so . . . . . „twit" sê die voëltjie en daar vlieg sy weg, die bloue lug in.

O, dis mooi goedjies wat rondom ons is, maar waar kry jy iets wat ons Afrikanerjeug klop? Het jy hulle al bekyk? . . . . . die rooi wangetjies, die fonkelende oë, die net gekamde haartjies, en dan die glimlaggies? As hulle nou maar net so fraai wou bly!

Soms sien jy nog die prag in hul gelaat as hulle groot is, soms kom die aaklighede van die lewe en neem die skoonheid weg. Maar as ons meer wou let op die klein dinge — jy weet alles begin klein, en as die aaklige kom, begin dit ook klein.

Laat ons daardie klein mooi dinge raaksien, waardeer en ontwikkel, en die klein verkeerde dinge in die kiem smoor. En dit kan ons doen met die hulp van Een wat as 'n klein kindjie na die aarde gekom het — in 'n stal in die krip van Bethlehem.

Antwoorde op „Wie Kan Sê"?

1. F. S. Malan, lid vir Malmesbury.
2. Eugéne Marais.
3. Mabalel.
4. Wakkerstroom, op 10 Junie 1872.
5. Hoofregter N. J. de Wet.
6. Jack Hindon.
7. Met die ontsporing van Engelse voorradetreine.
8. Messelaar vanaf sy aankoms in die land (1888) tot die Jameson-inval en daarna konstabel.
9. Hy was een van die vyf onverskrokkenes wat die Engelse uit die lewensbelangrike posisie by Spioenkop gehou het tot versterkings gestuur is.
10. Skots.

KOMMUNISTE ORGANISEER VERSET

Daar is orals tekens van georganiseerde verset teen die nuwe apartheid-maatreël van die Suid-Afrikaanse Spoorweë op die treine in die Kaapse Skiereiland. Verskeie nie-blankes onder wie onderwysers, het die afgelope week doelbewus in blanke waens gery en geweier om dit te verlaat. Die Kommunistiese Party het onlangs die nie-blankes aangehits om hulle nie aan die maatreël te steur nie.

Onder die oortreders is daar talle fabriekswerkers wat 'n uittartende houding aanneem. Kondukteurs het opdrag om niemand met geweld uit die treine te sit nie.

KOEIKLIERE LAAT MAN GROEI

'n Metode om 'n volwasse persoon weer te laat groei nadat sy groeivermoë tot stilstand gekom het, is deur wetenskaplikes in Tokio ontdek. Hulle maak gebruik van 'n vloeistof wat hulle uit die kliere van 'n koei haal en dit dan in die mense inspuit. 'n Jong man van 20 jaar wat onder hierdie inspuiting deurgeloop het, het binne vier maande meer as twee duim gegroei. Van die 45 ander pasiënte wat behandel is, het slegs ses geen reaksie getoon nie. Die ander het maandeliks van 1 tot twee sentimeters langer geword.

Kom Ons Gaan Kombuis-toe

Hannie Ferreira van Tweerivier stuur die volgende twee reseppies vir maats om te probeer (sy sê dis baie lekker!):

LEMOENPOEDING

Bestanddele:

3 eiers,
1 K. suiker,
2 dessertlepels gelatine,
1 K. warm water,
1 K. lemoensap.

Metode:

(1) Klits eiergele en suiker baie goed.
(2) Voeg lemoensap by die geklitste eiergele en suiker.
(3) Week gelatine in warm water en voeg by.
(4) Roer mengsel in 'n dubbele kastrol tot dit gaar (dik) is.
(5) Klop die eierwitte styf en vou in die mengsel, wanneer dit eers 'n bietjie afgekoel is.
(6) Gooi in nat vorm.

ARTAPPELKOEKIES

Bestanddele:

4—6 groot gaar artappels,
bietjie meel om te bind,
1 Ui,
2 eiers,
2 t. bakpoeier,
sout en peper na smaak.

Metode:

Druk die artappels fyn en raspe die uit. Maak nou maar die mengsel aan en bak in warm vet. Bedien warm.

Wie Kan Sê?

1. Weens 'n sekere berig deur hom gepubliseer, is 'n Kaapse parlementslid gedurende die Anglo-Boere-oorlog tot een jaar gevangenisstraf veroordeel. Wie was dit?
2. Weet u van 'n uitstaande Afrikaanse digter wat ook wetenskaplike, regsgeleerde en skrywer was?
3. Watter besondere musikale gedig i.v.m. naturellelewe ken u van hom?
4. Generaal Kemp is afkomstig uit 'n arm Boerefamilie en het as kind 'n ontberende lewe gely. In watter distrik is hy gebore?
5. Wie was waarnemende Goewerneur-Generaal ná die dood van Sir Patrick Duncan in Julie 1943.
6. Wie is na die dood van Danie Theron aangestel as kaptein van die Verkennerskorps?
7. In watter opsig het hy besondere bekendheid verwerf en die lewe vir Lord Kitchener baie moeilik gemaak?
8. Watter werk het hy vroeër gedoen?
9. Vir watter daad het hy die Republikeinse medalje vir moed, beleid, en trou verwerf?
10. Van watter afkoms was hy?

(Antwoorde elders op die Bladsy)

Seegedagtes

M. BOSMAN

Kon ek nou hier maar my tyd sittend verdroom,
As skuimende massas die sande omsoom.
En strale van maanlig my saggies begroet
en dansende golfies my voete ontmoet.
As wasige bloute,
— geen smorende noute —
benoude gedagtes van twyfel ontvoer.

BAANBREKERS
DIE TRIGARDTS

(Vervolg vanaf verlede uitgawe)

Reeds vanaf kindsbeen het Carolus (Karel) Trigardt in 'n harde skool grootgeword. Op trek was hy die wamaker en ambagsman, en feitlik op elke bladsy van sy vader se dagboek staan sy doen en late opgeteken. Hy het alreeds baie gely met die afsterwe van sy vrou en twee kinders, maar sy manlike hart het geen vrees geken nie, en vinger-alleen onderneem hy die awontuurlike tog verder noordwaarts.

By elke hawe land hy en onderneem handelstogte na die binneland. Also ontdek hy die Victoriawatervalle reeds 15 jaar voor Livingstone, en dring deur tot by die groot mere en die Rooi See.

DINGAAN

In 1840 is Carolus Trigardt terug in Lourenco Marques maar die kerkhof was al wat dáár van sy vader se trek kon getuig. Op sy trek suidwaarts gaan hy deur Swasieland, en is daar ooggetuie van die laaste neerlaag en dood van die gevlugte Soeloe-tiran, Dingaan. In Mei bereik hy, uitgeteer en geel van die koors, sy volksgenote in Natal, en kon hul allerlei aardighede toon wat hy uit die Ooste meegebring het.

LAASTE JARE

Nog dieselfde jaar is Carolus weer getroud in Pietermaritzburg. Hy gaan vestig hom in Ohrigstad waar hy 'n pragtige plaas aanlê. In 1895 kon hy met die voltooide Delagoabaaispoorweg, reis om 'n besoek te bring aan die klein kerkhoffie van sy mense — watter kontras met die moeisame tog wat hy die eerste keer moes aflê om na Lourenco Marques te gaan!

In sy 90ste jaar het Carolus Trigardt te Middelburg (Tvl.) gesterf, d.w.s. toe die Tweede Vryheidsoorlog alreeds in volle swang was — voorwaar 'n lang en vrugbare lewe!

VRYHEIDS-SIN

Op eenvoudige wyse het die Trigardts groot dinge tot stand help bring, nieteenstaande die hele onderneming so treurig geëindig en vrugteloos geskyn het. Vir Potgieter is die weg na die Noorde gebaan, en die kennis en ondervinding van Carolus was later vir die Suid-Afrikaanse Republiek van groot waarde in hul strewe om deur te dring na die see en met die afbakening van die oosgrens.

Die dagboek van Louis Trigardt is 'n waardevolle aanwins vir ons geskiedenis — „dit is die romantiek van die daad, te boek gestel deur 'n hand waaraan die sweet van die treklewe en die ruik van kruitdamp kleef."

Alleen 'n fiere vryheidssin kon hierdie baanbrekers sulke taaiheid en durf laat openbaar, en tereg verdien hul dan ook 'n ereplek onder die galery van Suid-Afrikaanse helde.

Boerejeugnuus

KESTELL IS HARD BESIG

Boerejeugveldkornetskappe in die platteland vind dit beter om i.p.v. net een groot funksie, 'n hele paar afsonderlikes in die verskillende wyke te hou — trouens dis ook die beleid van die groot O.B.-kommando's in baie plattelandse plekke.

So verneem ons van Kestell se afdeling dat een groepie van nege reeds £2 10s. ingesamel het. Die afdelings Aberfeldy en die dorp werk nog aan hul funksies. Dis baie mooi, en ons wil veral vir die Beneke-Kleingoed wat so fluks is, van harte gelukwens — Buks en die ander sal hul sokkies moet optrek in die dorp om by te hou!

Soos ons vroeër reeds gesê het, werk hierdie metode van kleiner, verspreide funksies baie goed, ook in die groter dorpe en stede, en ons wil afdelings weereens aanmoedig om dit toe te pas.

Rawsonville Plesierig

'n Geselligheid ter viering van die 10de verjaardag van die Ossewatrek is deur die Boerejeug van Rawsonville gereël op die plaas van Oom Piet Potjie.

Hy self was die leier van die orkes met sy mondfluitjie. Hoofkomdt. Rabie het 'n besielende toespraak vir die Boerejeug gelewer. Die aand is deurgebring met volkspele en Oom het heerlik saam met die orkes gesing.

Uit naam van Rawsonville se Boerejeug bedank ons Oom Pietie baie.

Die Boerejeug sowel as die groot O.B. het die aand baie geniet. (Korr.)

Die Groue Een

H. PROZESKY

Hans Gimpel sien 'n snaakse ding
Wat nou voor hom, nou agter spring;
Dis soos 'n mens, maar donker grys,
En lyk soos Gimpel alte juis.

Hans staan en wag daar voor die skuur,
Die Grou Een by hom teen die muur.
Hans loop die strate heen en weer,
Sy maat verlaat hom nimmer meer.

Nou word Hans kwaad, net waar hy kom,
Die Grou Een bly maar dig by hom,
En wat hom nogal terg en pla,
Die Grou Een, hy maak alles na.

Roer Hans sy voet, sy lyf, sy hand
Die Grou Een aap hom na, astrant,
En staan Hans botstil op die straat,
Geen voet verroer sy groue maat.

Dit maak nou Hans van woede mal,
„Wat, booswig, jy bespot my pal!
So onbeskaamd vermaak jy my!"

O.B. GEDANK VIR SAMEWERKING

„Ek wil dankie sê vir die Ossewabrandwag wat gehelp het om die Verenigde Party te verslaan. Ons kon nie sonder julle hulp klaarkom nie. Ek wil ook my dank uitspreek teenoor die leier van die O.B. en elke lid dat hulle die daad by die woord gesit en by die Afrikanerparty aangesluit het om die ratte aan die draai te hou," het mnr. J. S. Labuschagne, Afrikanerparty-L.V. vir Kliprivier, verlede Saterdagaand op 'n O.B.-vergadering te Caledon verklaar.

Mnr. Labuschagne het gesê dat hy aangenaam verras was in Natal gedurende sy verkiesingsveldtog, aangesien hy die steun van elke Afrikaner, of hy O.B., H.N.P., Afrikanerparty of Gryshemp was, gehad het. Natal se bydrae tot die verkiesing het die lot van die V.P. beslis.

Die klein meerderheid oor die V.P. wat van Hoër Hand gegee is, spreek met 'n opdrag en lê 'n sware verantwoordelikheid op die regering. Die klein meerderheid spreek duidelik dat ons moet besef dat ons nie op eie hulp alleen kan staat maak nie en ook ander se hulp nodig het.

„Ons moet ook die ander versamel wat nie soos ons dink nie. Ek kan u die versekering gee dat die enigste rede waarom Klasie Havenga weer tot die politiek toegetree het, is om die volk weer bymekaar te maak." Ons kan verskil oor sekere sake, maar oor onmiddellike vraagstukke is ons dit eens en daaroor mag ons nie twis nie.

GROTER EENHEID

Spr. hoop dat daar oor vyf jaar 'n baie groter samewerking sal wees sodat ons op een platform kan staan en die vyand storm loop.

Ons sal nie sommer die leisels opgooi nie en ons sal so regeer dat ons staande bly.

Die Afrikanerparty sal nie sy bestaan regverdig as hy nie 'n groter eenheid in hierdie volk bring nie. Ons sal probeer om goeie Afrikaners wat buite staan, in te skakel en nie mense na die V.P. ja nie. Mnr. Havenga was tot sover grootliks suksesvol om Afrikanerkragte in te skakel en die volgende taak sal wees om, wanneer die V.P. verbrokkel, daardie kragte ook in te skakel.

Gebiedsleier, Dr. van Zyl Oor O.B.-Taak

(Vervolg van bls. 1 kol. 5)

PLIG GEDOEN

Die Volksbeweging sal veg waar die stryd die felste woed. In 1938 was dit teen die broedertwis wat deur botsende partye teweeggebring was. In 1939 moes hy veg vir ons vryheid met die wapens tot ons beskikking. **Ons is nie skaam om voor die regbank van die volk te verskyn nie. Daar is 'n Hoër Gesag as dié van party-gemaakte noodregulasies.** Vanaf 1941 tot 1948 moes hy sorg vir die vroue en kinders van die slagoffer van die stryd. En in 1948 moes hy ook veg teen die verdeeldheid by die stembus. Laasgenoemde verdien meer aandag.

POGINGS TOT SAMEWERKING

Geen volksbeweging kon die imperialistiese beleid van genl. Smuts, wat gedreig het om 'n gevaar te word vir die land, toelaat nie en moes hom daarteen skaar. Aangesien die volksbeweging nie as politieke party kan of wil optree nie, moes hy na bestaande partye kyk om van die gevaar van genl. Smuts ontslae te raak. Die partye was egter so verdeeld dat hulle onmagtig gestaan het. Daarom het die Ossewabrandwag 'n beroep op die nasionaalgesinde partye gedoen om saam te staan. Die aanbod van die Ossewabrandwag in 1943, wat telkens daarna by tussenverkiesings en in 1948 herhaal is, waardeur hy beloof het om sy volle gewig in te gooi indien die partye onderling ooreenkom, is welbekend. Die O.B. het geen setels vir homself gevra nie en wou slegs deelneem aan die stryd met behoud van sy identiteit. Die H.N.P.-leiding wou dit egter nie toelaat nie en selfs teen A.P.-kandidate wat lede was van die O.B., is beswaar gemaak. In die omstandighede kon die O.B. verskeie weë volg; hy kon buite die stryd staan, of hy kon samewerking afdwing. Die O.B. het hierdie laaste stap gevolg en kandidate versoek om plaaslike vredes te sluit. Die gevolge van hierdie vredes was baie duidelik; daarsonder sou die verkiesing verlore gewees het.

WAT NOU?

Die verkiesing is gewen, en wat nou? Is die taak van die O.B. nie nou afgedaan nie? Ons is 'n soewereine onafhanklike staat en ons beskik oor ons eie toekoms. Is dit dan nie genoeg nie? **My antwoord is nee, het spr. verklaar. Die taak van 'n volksbeweging eindig nooit, en wat die verkiesingsoorwinning betref, beteken dit alleen dat Afrikaners vandag die land regeer** — daarvoor is ons dankbaar en die O.B. bejeen die regering met die grootste welwillendheid en sal alles in sy vermoë doen om die regeringstaak te vergemaklik — **maar niks verhinder dat onnasionale elemente weer in die toekoms aan bewind kan kom nie.**

Laat ons nie gerus wees nie. **Alleen wanneer die soewereiniteit en absolute onafhanklikheid van die staat deel geword het van die politieke geloof en praktiese beoefening van die hele volk en die bron is van hul liefde, trots en verpligtings, eers dan kan ons veilig voel.**

HOE DIT BELET?

Hoe kan ons dit verwesenlik en verseker dat die landsregering nie weer val in die hande van onnasionale elemente nie? het spr. gevra. **Die antwoord lê in die stigtingsdoel van die Ossewabrandwag, naamlik die samesnoering van Afrikanerkragte bo en buite die partypolitiek op grond van die permanente belange van die volk. Hoe goed 'n politieke party dit ook bedoel, kan hy dit nooit doen nie. Uit die aard van die saak bring die partye verdeeldheid, veral in 'n land soos Suid-Afrika.**

Ons weet dat regerings onder die parlementêre stelsel gedurig wissel omdat een regering nooit populêr genoeg is nie. Daarvoor is die kieserspubliek te wispelturig. In Suid-Afrika kan 'n verandering van regering beteken dat die belange en vryheid van ons volk weer op die spel kom. Ons durf onder geen omstandighede ons weer naby daardie afgrond waag nie. As ons egter alleen op die partypolitieke stryd vertrou om ons daar weg te hou, misgis ons ons deeglik.

BETER STRYDMIDDEL

Ons redding lê daarin om gebruik te maak van alle moontlike middele. Sekerlik bly die politieke partye in ons huidige party-bedeling 'n magtige strydmiddel maar juis omdat dit uit sy aard verdeel en afstoot, daarom temeer moet ons ook van ander middele gebruik maak.

Wat ons betref, sien ons geen beter strydmiddel as juis die Volksbeweging waarin alle nasionaal-voelende volksdele saamgebind word. Maar dan is dit absoluut noodsaaklik dat die volksbeweging sy identiteit behou.

Die O.B. het 'n onmiddellike taak. Hy sal deur woord en daad 'n gees van welwillendheid skep waardeur Afrikaans- en Engelssprekendes nader aan mekaar getrek kan word. Daarby moet die Ossewabrandwag buite die partypolitiek bly, welwillende kritiek uitoefen sonder om self na regeringsmag te strewe. Hy moet egter nie die geleenthede laat glip om deur middel van bevriende organisasies of partye te werk nie. Dit is dan ook om hierdie rede dat die Grootraad daarop aandring dat O.B.-lede by die A.P. moet aansluit om so hul volksplig daar ook te doen.

Die O.B. sal ook moet waak dat die mate van samewerking tussen politieke organisasies nie tot niet gaan nie en sal sy bes doen om nog weier samewerking te verkry. Die samewerking moet uitgebrei word tot alle Afrikaners en selfs diegene wat in die V.P. is.

Laat daar egter geen misverstand wees nie. Die O.B. seil voort onder sy eie vlag bewus van sy eie roeping. Hy verlang en eis om hierdie volk te dien. **Sy weg is die van volkseenheid, sy mikpunt die van 'n gelukkige welvarende en vrye volk onder 'n Republikeinse vlag, het dr. Van Zyl onder toejuiging verklaar.**

Alheit Stoot Bedrag Op

Die Ossewabrandwag van Kakamas het reeds £101 vir O.B.-dag bymekaar gemaak. Daar moet nog een funksie gehou word wat die bedrag aansienlik sal vermeerder.

Op Saterdag, 14 Augustus, was daar 'n funksie op Alheit (deel van Kakamas-kommando). Almal was baie geesdriftig en dit was verblydend om te sien dat diegene wat nie aan die O.B. behoort nie, die funksie bygewoon het. Na aftrek van die koste kon daar meer as £14 aan komdt. G. F. J. van Rensburg oorhandig word om by die reeds ingesamelde bedrag van die eenheid te voeg.


Daar word nog 'n funksie op Schröder gehou. (Korr.)

Parlement Bespreek Begroting

„Om halfvyf vanmiddag het die tengerige figuur van dr. T. Osborn vanaf die dwarsbanke van die Arbeidersparty opgestaan om die huis om verskoning te vra dat hy van plan is om sy toespraak by die begroting te bepaal. Dr. Osborn het toe swygend en geduldig gestaan en wag solank 'n stroom lede by hom verbygeskuif het op pad na die teekamer." (Aanhaling uit die Cape Argus se parlementêre verslag oor die tweede dag se **begrotings**debat.)

„Dr. D. F. Malan het gesê dat veldm. Smuts op hoogs ongewone wyse opgetree het. **Die begroting is in die eerste plaas 'n finansiële maatreël.** Om die rede is die eerste dag van die algemene bespreking in die verlede aan finansiële deskundiges afgestaan." (Aanhaling uit Die Burger se parlementêre verslag oor die EERSTE dag se begrotingsdebat.)

Voorbereiding Teen Kolos



Die Skandinawiese lande staan netsoos die res van Europa in die skaduwee van die Russiese kolos. Hoewel klein, is hulle nogtans in stilte besig om so goed as moontlik voor te berei vir die onvermydelike wat vroeër of later moet kom. Die foto toon 'n aantal van die nuutste spuitvliegtuie wat deur Brittanje aan Noorweë verskaf is vir sy verdediging.

Opbrengs 'n Verrassing

Die O.B.-kommando van Tzitzikamma het op 14 Augustus die verjaardag van die O.B. herdenk en die bedrag van meer as £30 is byeengebring.

Die verrigtinge is deur komdt. O. J. Terblanche geopen wat ook sy spyt uitgespreek het dat genl. Rademeyer nie aanwesig kon wees nie weens siekte.

Genl. Delport, van Port Elizabeth, wat spesiaal oorgekom het, het 'n besielende toespraak gelewer. Daar is ook 'n basaar gehou waar allerlei lekkernye te koop aangebied is. Die opbrengs van £30 12s. was 'n verrassing. (Korr.)

Britse Ryk Word Gebuig

(Vervolg van bls. 1 kol. 4)

toon die belangrikheid van die Koning se onlangse besoek aan hierdie deel van die wêreld."

„KAN BUIG"

Die artikel sluit met die hoop dat Ierland se posisie 'n oplossing bied vir die Vierde Ryk. „Indien volle verbondenheid onder die ou vorm van 'n dominium nie meer die beste skyn te wees nie, kan 'n soort uitwendige verbondenheid bestudeer word wat miskien op die lange duur sal deug. **Engeland weet egter hoe om te buig sonder om te breek, en ek persoonlik het geloof in die beproefde Britse genialiteit", aldus prof. Siegfried.**

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

Mev. Steyn Na Nederland

Mev. (pres.) Steyn het gisteroggend van Zwartkop-lughawe na Nederland vertrek, waar sy die Unie by koningin Wilhelmina se jubileum sal verteenwoordig. Sy word vergesel van haar skoonseun en dogter, dr. en mev. C. F. Visser, dr. J. P. Immelman, van Kaapstad, en suster M. M. Groenewald, assistent-matrone van die Nasionale Hospitaal, Bloemfontein.

Eerste Bloed Loop in Tito Se Stryd

Die eerste tekens van verset teen die bewind van Tito in Joego-Slawië nadat die Kremlin hom gerepudieer het, het die afgelope week voorgekom toe een van die vooraanstaande militêre leiers onder Tito doodgeskiet is, „in 'n poging om oor die grens na Roemenië te vlug."

Hy is kol.-genl. Arso Yuvanovich wat sedert 1941 tot 1945 hoof was van die Generale Staf.

Die dood van hierdie militêre leier word in verband gebring met die onlangse toespraak van Tito waarin hy sy soldate gemaan het om ontslae te raak van ongewenste leiers. Sy dood het vir die volk as 'n skok gekom omdat almal gemeen het dat hy 'n vertroueling van Tito was.

Sommige huldig die mening dat hy nie geskiet is toe hy oor die grens wou vlug nie, maar dat hy in die tronk om die lewe gebring is.